NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 12-2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

SBK VERSLAG NA EERSTE VERGADERING

Die "nuwe" SBK van Goudland het op Woensdag 22 Februarie hulle eerste vergadering gehou. Dit is vir my regtig 'n groot voorreg en in absolute dankbaarheid wat ek aan ons Sinode 'n kort verslag wil gee.

Hoe lyk die SBK:

Die SBK lyk heeltemal anders met 14 nuwe gesigte en heelwat jong gesigte. Ek dink dit is die SBK met die meeste jong lede in 'n lang tyd. Dit is vir ons 'n vreugde om te kan noem dat elke Ring in ons Sinode op die SBK verteenwoordig is. Ons wil graag hê dat daar by elke broederkring in die Sinode verslag gedoen kan word van wat bespreek en besluit is.

Wat is ons droom en doel:

Ons het die vergadering begin deur onsself te herinner aan die nuwe struktuur wat by die Sinode goedgekeur is. In ons nuwe struktuur plaas ons lidmate en gemeentes heel bo. Ons as SBK het weer vir onsself gesê ons is daar om gemeentes en ons predikante te bedien. Van die belangrikste werk van ons Missionale Kerkwees is juis ons predikante-bediening en ons gemeente-bediening. Ons bestaan nie vir onsself nie. Ons bestaan vir ons gemeentes en leraars om tot julle diens te wees. Ons sien ons egter ook as samebindende faktor wat gemeentes moet help en raadgee want "ons" kan nie as kerk bestaan as ons gemeentes nie ook saamwerk, saambid en saamstaan in die Sinode nie.

Ons droom regtig van 'n Sinode wat groei en gelukkig is met 'n gesindheid van absolute liefde onder mekaar.

Besluite wat geneem is:

1. Daar is verslag gedoen dat ons goed vorder met ons samesprekinge met Potchefstroom Moedergemeente om dit die nuwe tuiste van ons Sinode in die toekoms te maak. Meer inligting sal deur die jaar aan ons Sinode gegee word oor die vordering wat daar gemaak word.
2. Die SBK het besluit dat ons Sinode op **Dinsdag 31 Oktober i**n Potchefstroom in die Moederkerk gaan vergader waar ons die Hervorming van 500 jaar gelede gaan herdenk. Op **Woensdag 1 November** het ons Sinode dan 'n 1 dag sitting in Helikonpark. Merk asb. solank die twee datums op jou dagboek en sien daarna uit.
3. Ds Nico van Rensburg is nou finaal aangestel as Predikant in Sinodale Bedieninge en Direkteur van NG Welsyn. Hy sal die twee poste saam hanteer. Hy is nou 100% in diens van die Sinode tot met sy aftrede in November 2018. Die SBK sal dan weer saam met NG Welsyn verder beplan vir die toekoms. Die gevoel wat uitgespreek is by die Sinodesitting in 2016 om ds Nico aan te stel tot by die volgende Sinode in 2020 sal dan weer in behandeling geneem word. Die vergadering is dankbaar dat ds Nico nou 100% in diens van Goudland kan wees.
4. Me Hermien Bezuidenhout is ook aangestel in 'n 50% pos vir die sinode as sekretaresse vir ds Nico van Rensburg. Haar aanstelling is op 'n maand kennisgewing basis.
5. Die SBK het besluit dat daar tydens Pinkster 'n kollekte gevra kan word vir Teologiese Opleiding, want ons het 'n finansiele nood by die kuratorium by Tukkies.
6. Die SBK het ook weer besluit dat ons al ons gemeentes vra vir 'n deurkollekte op Sondag 7 Mei (Vrouedag) vir ons Familiefonds. Ons wil deel van ons Familiefonds vanjaar aanwend om verbeteringe en herstelwerk aan die Klerksdorp Ouetehuis te doen.
7. Die begroting van ons Sinode vir die jaar 2017-2018 is deur die SBK goedgekeur. Die SBK het met dank kennis geneem dat dit finansieel al beter gaan met ons Sinode. Daar kon in die jaar self bietjie meer vir studentebediening en vir NG Welsyn begroot word.

Nuus uit die Streke:

Die verskillende streekleiers het by die SBK verslag gelewer van hoe dit in hulle streke gaan. Daar is soveel mooi stories van gemeentes wat regtig groei en waar dit weer finansieel beter gaan. Daar is op die oomblik ook 'n totale positiewe gees in die Sinode weens die mooi reën waarmee die Here ons hele gebied seën.

Die SBK is egter bekommerd as ons hoor dat gemeentes sommer hulle deure wil sluit en saamsmelt met 'n ander gemeente. Die SBK vra mooi dat die Ring geken sal word in besluite wat geneem word. Kan ons nie dalk dink aan 'n ander soort bediening in so 'n gemeente voordat die deure finaal toegemaak word nie?

Voorbidding:

Die SBK het met hartseer kennis geneem van aanvalle op ons plase en in ons dorpe. Ons is bekommerd oor die vlaag van misdaad in ons Sinodale gebied en bid vir die slagoffers van misdaad.

Groete en vreugde van huis tot huis in Goudland

Johan Brink

(Voorsitter van die SBK)

INTERESSANTE ARTIKELS

■ Moenie té goedgelowig wees met sosiale media nie

"Don't scroll without typing Amen."

Wie het nie al skuldig gevoel oor hierdie vroom oproep wat voor jou opdoem wanneer jy op Facebook kuier nie?

Of: *"don't share, copy and paste"*, gewoonlik gekop pel aan 'n plasing wat een of ander verdienstelike saak propageer.

Die rede agter hierdie versoeke mag dalk net minder vroom wees.
In alle waarskynlikheid is dit 'n poging om jou sover te kry om jouself vrywillig aan te bied vir latere skelmstreke.

'n Australiese web-ontwerper sê: When you simply share a post you like with your friends there is no way to track it further than your first share; no way to find out who else has shared it further on. But if you copy and paste the post exactly, the potential future scammer can find you and target you.

Tipies sal so 'n plasing wat 'n "knip-en-plak" van jou vra, 'n sleutel-frase bevat (wat dikwels ook 'n spelfout in het). Sê nou maar dit gaan oor dieremishandeling.

Elkeen wat die plasing knik-en-plak kan opgespoor word met 'n bepaalde soekfunksie na daardie sleutel-frase. Op die manier bekom die booswig 'n lang lys name van mense wat duidelik sterk voel oor dieremishandeling.

Jy het dus eintlik self jou hand opgesteek en jou gevoel hieroor bekend gemaak. Moenie verbaas wees as jy uit die bloute uit gevra word vir donasies vir dergelike projekte nie.

Tipiese sleutel-frases is die volgende:

- "don't scroll without typing amen."
- "if you woke up this morning and your thankful every day while being bless scroll down and type amen"
- "how many likes can she get?"
- "PLEASE DONT IGNORE"
- "1 like = 1000 prayers Don't scroll without typing amen"

Veral die "type Amen"-plasings kom nou baie voor. Moenie gevang word nie. Die Here wil nie regtig hê dat jy iets moet tik nie.

Bron: http://oakwebdesign.com.au/blog/people-ask-copy-and-paste-facebook-post-rather-sharing/ (met dank aan Feldmuis)

Oor Mure wat ons Bou...

In sy gereelde Godsdiens Aktueel-bydrae (Die Burger, 8 Februarie 2016) dink Braam Hanekom na oor die mure wat ons om ons bou.

"Van die hoogste mure wat ons bou, is die mure in ons kop. Ons skei ons af van mense wat nie soos ons is en dink nie. Ons wil nie met hulle praat nie en wil nie met hulle geassosieer word nie."

Sagaria 2 bring hom by die treffende gevolgtrekking "dat ons ruimer moet dink, soos God moet dink, veral as dit kom by ons langtermynvrede. 'n Heel gemeenskap is altyd veiliger as 'n individu in sy eie tronk. 'n Stukkende gemeenskap word nie deur hoë mure genees nie."

Die volledige rubriek, met dank en erkenning aan Die Burger, is hier. (met dank aan VrydagNuus)

REFORMASIE 500

NHKA vier reformasie saam!

Dit is lekker om in die jongste Die Hervormer te sien dat die Hervormde Kerk, saam met ons ander susterskerke, deur die Tussenkerklike Raad (TKR) én die Konvent van Reformatoriese Kerke, hande vat rondom die 500-jarige viering van die Reformasie en so 'n welkome en betekenisvolle bydrae lewer om hierdie mylpaal te gedenk – lees hier. Lees gerus ook die artikel van prof Natie van Wyk oor Die blywende waarde van Martin Luther se teologie. (met dank aan VrydagNuus)

CLF pamflet oor die Reformasie: Vrygemaak vir hierdie lewe

Christenskap vrywaar jou nie van die probleme van gewone menswees nie. Martin Luther het intens bewus geword van die implikasie daarvan dat God uit genade in Jesus Christus ons wêreld binnegetree het. Omdat Jesus self mens geword het staan Hy nie apaties teenoor ons kwellinge, versoekings en pyn nie, maar het Hy juis deernis en begrip daarvoor.

Toe dit duidelik word dat die mens nie die probleme, twyfel, angs, boosheid en pyn van die wêreld kan oplos nie, het God ingegryp en sy Seun gestuur. Hierin lê die krag van die Reformasie en die relevansie daarvan vir ons vandag , 500 jaar later. Om vir Christus te volg, maak jou vry van die druk van populêre waardes, en daarom het dit 'n groot waarde en betekenis, nie net vir die toekomstige lewe nie, maar juis ook vir hierdie lewe.

Bestel gerus hierdie pamflet vir julle gemeente en loop saam met Christelike Lekturfonds die Reformasie-pad van vrymaking gedurende 2017. Januarie en Februarie se pamflette "Vrygemaak deur 'n God wat Hoop gee" en "Vrygemaak om met vreugde vir ander te lewe" is ook nog beskikbaar indien julle dit misgeloop het.

Vir bestellings en navrae skakel 021 8736964 of epos na order@clf.co.za. Die pamflette is ook aflaaibaar op www.clf.co.za of deur CLF se gratis slimfoon-toep.

Intellektuele begrip deel van Hervorming se vrug

"Die Hervorming het ons geleer om die Bybel noukeurig te lees en om erns te maak met veral die historiese dimensie van Skrifverstaan. Martin Luther was professor aan die Wittenbergse universiteit. Dit is sy noukeurige eksegese van die Romeine-brief wat die insig gebring het dat God mense uit genade, sonder verdienste, red.

Calvyn het 'n intellektuele erfenis nagelaat wat vandag nog nagevors word, Dit is die erfenis van die reformasie dat die Bybel vanuit die oorspronklike tale bestudeer moet word om die Bybel steeds beter te verstaan. 'n Intellektuele begrip van en worsteling met die teologie is deel van die vrug van die Hervorming."

Lees gerus in e-Kerkbode verder as prof Fanie Snyman (dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat) vra of die NG Kerk lui geword het om te dink.

NUUSBROKKIES

‘n Splinternuwe passiespel in Afrikaans



Hierdie jaar heet die passiespel, Judas Iskariot – wat is die prys van bloedgeld? Dit word op Saterdag 1 April 2017 by twee geleenthede in die Sand du Plessisteater opgevoer (sien biljet vir meer besonderhede rakende tye en koste van kaartjies).

Die oorkoepelende boodskap is vergifnis – Jesus het ons vrygespreek. Ons kan dus soos die verlore seun terugkeer, want Vergifnis wag reeds vir ons – in Jesus is dit volbring. Net so fokus dit ook op die feit dat ons verdraagsaam en liefdevol teenoor mekaar moet wees. Dit was tog die gebod wat Jesus ingestel het... Daarom was Judas ook maar net mens en is Jesus se oorwinning vir hom ook ‘n realiteit.

Hierdie projek is heeltemal uniek! Dit is tans die grootste Afrikaanse gemeenskapsteater-projek in Suid-Afrika, waar daar meer as 70 akteurs, sangers, dansers en ekstras op die verhoog gaan wees. Die hoofrolle word deur professionele akteurs vertolk en die kleiner rolle word deur mense uit die gemeenskap gevul. Dr Niel van Niekerk is die regisseur en Jaco Bezuidenhout die musiekregisseur. Die teks en musiek is nuut en vars - Gertjan Holtzhausen het weer die teks geskryf en Jacobus Silwer het die musiek gekomponeer. Hierdie volwaardige musical gaan begelei word deur ‘n simfonieorkes van ongeveer 50 lewende instrumente. Kyk ook gerus na ‘n lok-video by Judas Iskariot. (met dank aan Vrypos)

Prof Dirkie Smit na Princeton

Prof Dirkie Smit is pas aangestel as Professor in die Rimmer and Ruth De Vries leerstoel vir Gereformeerde Teologie en Openbare Lewe by die Princeton Theological Seminary in Amerika.

Meer oor hierdie uitstaande prestasie is aangeheg te lese. Die uitkringende reaksie en boodskappe van ondersteuning op die Facebook-inskrywing (gaan kyk gerus na die “reaches”, kommentaar en “shares”!) hieroor is ‘n aanduiding van sy jarelange bepalende invloed op oud en jonk - kollegas, studente, vriende en andere.

Mag dit ‘n wonderlike en geseënde nuwe reis vir u en Ria wees, Professor. (met dank aan VrydagNuus)

Beyers Naudé Sentrum ‘n Nederlandse medewerker ryker!

Een van die Beyers Naudé Sentrum (BNS) vir Publieke Teologie aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Stellenbosch, se hoofskenkers, Kerk in Actie, het ds Rineke Van Ginkel vir ’n tydperk van drie jaar gestuur om die BNS se werk te verryk, veral ten opsigte van die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS)-konferensies en gemeentes.

Sy het ’n Meestersgraad in Teologie aan die Protestantse Universiteit van Amsterdam voltooi. Die BNS-span en medewerkers het Rineke en haar man, Patrick, verlede Vrydag welkom geheet. Rineke is baie opgewonde om betrokke te raak in die gemeentes wat sy by die SKLAS-konferensies gaan ontmoet. Rineke, jy en Patrick is baie welkom - ons wens julle seën en vreugde in Suid-Afrika toe! (met dank aan VrydagNuus)

Gemeentes: ‘n Bybelvasvra vir Laerskooljeug!

Gustav Claassen, die NG Algemene Sinode se algemene sekretaris, moedig gemeentes aan om die Rapportryers en FAK se jaarlikse Bybelvasvra te ondersteun.

Dit is gemik op laerskoolleerlinge en die laaste dag vir inskrywings is **21 April 2017.** Die eerste rondte is van 19-22 Mei en die tweede rondte van 18 tot 21 Augustus, met die nasionale finale rondte van 20 tot 22 Oktober 2017.

Vir meer inligting, kontak Ruurd van de Wal by ruurd@dupwest.co.za. Klik hier om verder te lees. (met dank aan VrydagNuus)

Nuwe webwerf vir Arbeidsbediening/IMSA

Arbeidsbediening/IMSA (Industrial Ministry in South Africa) het onlangs hul webwerf laat opdateer en moderniseer. Gaan besoek dit gerus hier. Baie seën op juille werk, Carin Brink. (met dank aan VrydagNuus)

NG Alg Sinode: Dewyk waarnemende Aktuarius

Ons beste wense gaan aan Dewyk Ungerer (moderator van die Noordelike Sinode), wat gevra is om waar te neem as aktuarius (kenner van kerkreg) van die NG Algemene Sinode. Dit volg nadat prof Johan vd Merwe in Januarie 'n noodrugoperasie moes ondergaan en tans verdere behandeling ontvang. Lees gerus e-Kerkbode se berig hieroor.

Ons bid Johan 'n spoedige herstel toe en wil Dewyk sterkte en insig toewens met die bykomende verpligtinge. (met dank aan VrydagNuus)

KURSUSSE, SEMINARE EN OPLEIDING

UP Fakulteit Teologie: Uitnodiging na Wydingsdiens en Simposium en derde AS Geyser Gedenklesing

- **'Gateway to the future … Oopmaak van die hekke …'** Simposium oor opdra van die Eeufeesuitgawes - **Maandag, 6 Maart 2017** om 14:00, Merensky-ouditorium, Universiteit van Pretoria

  RSVP asseblief teen 20 Februarie 2017 deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur. [Lees hier meer]

- '**Gateway to the future … Oopmaak van die hekke …'** Derde A.S. Geyser Gedenklesing - **Donderdag, 30 Maart 2017** om 14:00, Universiteit van Pretoria

  RSVP asseblief teen 20 Maart 2017 deur 'n e-pos aan carusta.vandermerwe@up.ac.za te stuur. [Lees hier meer]

Uitnodiging na openbare lesing van prof Dirkie Smit

Titel: 'Speaking of the Sacred? On political-theological discourses'

Datum: **Woensdag 8 Maart 2017** om 09:30 in die Eeufeeslesingsaal 2-10, Teologiegebou.

RSVP: Mnr Dana Mahan, tel 012 420 6655 teen 28 Februarie 2016

Excelsus dagkursus

"Wat is die Mens dan... inleidende kortkursus oor die belang van menswaardigheid"

Datum: **Donderdag 9 Maart 2017** [09:00 – 16:00] by St Augustine College of SA (53 Ley Rd, Victory Park, Johannesburg). Aanbieders: Drr Jaco Kruger en André Bartlett

Navrae en inskrywings: Kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za of 012 420 6738 vóór 6 Maart 2017 indien u die kursus wil bywoon. Of besoek www.excelsus.org.za / Facebook-blad.

Dagseminaar: Pa-wonde en Ma-wonde

Datum: **Saterdag 25 Maart** – NG- Bloemfontein-Noord (Klipkerk)

Sprekers: Prof Hannes Steinberg (UOVS Mediese Fakulteit) – Dr Johannes Cronjé (UOVS Med Fakulteit) Prof Wentzel Coetzer (NWU Teologiese Fakulteit).

Navrae: Prof Wentzel Coetzer: 0836600409 of e-pos: wentzelc@gmail.com. Webadres: vir meer inligting: klik op hierdie skakel.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskik-

baar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

NG Gemeente Vryburg-Wes

Vryburg-Wes, as 'n plattelandse gemeente binne die sinodale grense van Noord-Kaapland, het 'n vakature: Aflos-leraarspos vir 'n kontraktuele termyn van ses maande.

Gemeenteprofiel: Die gemeente het 350 besoekpunte in sowel dorp- as plaaswyke. Die plaaslike ouetehuis en dienssentrum val binne die gemeentegrense.

Leraarsprofiel: 'n Emiritus-predikant of enige gelegitimeerde predikant vanuit die NG Kerk wat binne die bepalings van die Kerkorde gekontrakteer mag word.

Ampspligte en verwagtinge: Ingevolge Art 9 van die Kerkorde. Die toepaslike pastorale versorging en begeleiding in die oorgangstydperk en –proses is relevant.

Vergoeding: Salaris onderhandelbaar. Inwoning in die pastorie en werksverwante reiskoste sal ook onderhandel word.

Aansoeke: Stuur 'n onlangse en verkorte CV met vier referente aan: Die Skriba. Per e-pos aan ngvryburgwes@lantic.net of faks dit na 053 927 3476. Alternatiewelik kan dit gepos word na Posbus 277 Vryburg 8600.

Sluitingsdatum: **28 Februarie 2017.** Kandidate wat die kortlys haal, moet vir onderhoude beskikbaar wees.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Navrae: Freduan Smit 082 406 9071 of Retha Nel (Skriba) 053 927 3476 (weeksoggende).

Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

BYBEL-MEDIA NUUS

Lees in die jongste Kerkbode

KERKBODE
Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense
24 Februarie 2017
Aranos vestig spirale van hoop

In Kerkbode van 24 Februarie word daar uitvoerige ruimte gewy aan werk wat deur die kerke begin is en wat na dekades steeds op verbeeldingryke maniere omsien na die behoeftes van gestremdes.

- Lees ook hoe Leon Venter, Bybel-Media se uitvoerende hoof, dink oor sy nuwe pos.
- Kerkbode maak ook 'n draai by Murray en Cecile Louw, twee NG lidmate wat nou al jare lank deur die Suid-Afrikaanse Aksie vir Wêreldevangelisasie help dat die evangelie uitkom by diégene wat nog die minste met die goeie nuus bereik is.
- Lees ook oor Namibië se boervrou van die jaar en oor die leiers van Goudland-sinode se diep vergadering.

Jongste Bybelkor-publikasies

● Sewe (Nuut)

Jesus se laaste woorde was die kroningsmomente van sy lewe. Dit was nie wanhopige uitroepe nie, maar oorwinningsverklarings.

Vir ons as Jesus se volgelinge is hierdie woorde soos rigtingwysers vir die lewe. Dit wys vir ons hoe die lewe werk. Dit begelei ons om die oorwinning van die kruis in Lydenstyd te vier.

Sewe fokus elke week op een van die kruiswoorde en nooi groepe om saam op hierdie reis te gaan deur die meegaande gespreksgids te gebruik. Prys: 70,00 (BTW en posgeld ingesluit.)

● Sewe Gespreksgids

Gespreksgids met 6 groepstudies vir Lydenstyd. Bestel 10 of meer Sewe gespreksgidse en ontvang die boek Sewe gratis! Gratis plakkaat met Jesus se 7 kruiswoorde

Prys: R40,00 (BTW en posgeld ingesluit).

Volledige besonderhede by www.bybelmedia.org.za, klik op winkel.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Menswaardigheid: WERD om te LEEF

"Ek wil mense met liefde aanraak. Dié sakke wys die kinders hulle is dit werd om te leef. Ek wil hê elke kind moet opregte liefde hierdeur ervaar," vertel Carla Portwig.

Een van die fokusareas van die Sinode van Wes-Kaapland (daardie sake wat gemeentes tydens Sinode 2015 aangedui het as van groot belang om tyd aan te bestee) was menswaardigheid. Om saam met gemeentes die praktiese gestalte hiervan te vier, om te getuig hoe menswaardigheid saamhang met ons fokus op missionaliteit en die skep van nuwe geloofsgemeenskappe, is 'n spesiale voorreg.

Een só 'n verhaal uit Wellington se wêreld word in die jongste Kerkbode vertel, waar "onsigbares" beveilig en gekoester word. Lees gerus hier en word geïnspireer! Allerlei hulpmiddels vir aandag aan ons fokus op Menswaardigheid is beskikbaar by www.menswaardigheid.co.za.

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Fanus Kloppers: Aflos, preekbeurte – tel 062 162 6142 of sel: 016 454 0295 - Vereeniging
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS